‘n Eendag kerk
11 Februarie 2024
Ds. Teodor van der Spuy

tvdspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Daar is min groeperinge mense wat weekliks vir ‘n bepaalde doel bymekaar kom. Meeste klubs of organisasies sou ‘n aantal kere in ‘n jaar bymekaar kom. Dit is egter anders met kerk. Daar word 52 keer dienste aangebied in die vorm van ‘n erediens jaarliks. Kerk is dus grotendeels deel van ons alledaagse lewe. Dit maak dat ons baie maklik vasgevang word in die hier en die nou. Ons bemoei onsself met die kleinighede van die uur. Maar hoe gereeld dink ons aan die toekoms van ons kerk? Hoe gereeld droom ons lewegewende drome oor die kerk van die kinders van vandag?

Waar sien jy Moreleta kerk oor 20 jaar van nou in 2044?

‘n God buite tyd.
Dit bly opvallend dat daar soveel verbintenisse is tussen dit wat ons lees in die Ou Testament en die Nuwe Testament. Dis ooglopend dat God altyd met ‘n plan werk wat die vermoë het om oor die volgende bult te kan kyk.
Dis die profeet Jesaja wat uitroep dat ‘n pad gelyk gemaak moet word in die woestyn Dis honderde jare later dat Johannes die Doper hierdie professie vervul. God staan buite tyd en het ‘n baie spesifieke doel met die voorbestaan op aarde in elke generasie. God weet ook egter wat nodig is in watter tydperk van die voortbestaan van die mens. Ons kan dus geen twyfel hê dat God ook ‘n plan het vir Sy kerk in 2024 en 2044.

Gesels saam

Lees saam

Lees Matteus 3:3
- Waarmee moet ek myself besig hou as ek glo die Here het my geroep om die pad vir Hom gelyk te maak in ‘n volgende generasie?
- Hoeveel tyd spandeer jy om te dink aan die leiers en die lidmate van die kerk in 2044?

Lees Esegiël 37: 1-4
- Esegiël spreek lewe oor droë beendere. Hy sien in die toekoms in wat nou onmoontlik lyk. Hy roep tot lewe dit wat heeltemal dood en nutteloos was.
- Spreek profeties lewe oor die kerk in 2044. Maak gebruik van die geleentheid om deur God se gees te hoor wat is sy hart vir die kerk in 2044. Wat is dit wat ons nou kan “lewendig” bid wat sodoende ‘n pad vir die koms van die Here gelyk maak in die toekoms?

Doen saam

1. ‘n Opdrag vir die Kring - Inwaarts (ek)
2. ‘n Opdrag vir die Kring - Uitwaarts (buite)

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Bid saam

Stuur ‘n epos vir die kringe kantoor met die woord wat die Here vir julle kom se het. God praat in en deur Sy liggaam. Julle woorde en julle gebede het die krag om ‘n kerk te bou wat Gees geïnspireerd funksioneer in 2024.
Bid hieroor intens.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum wholeness@moreleta.co.za 012 997 8035